JOHANNES 11:1-45

17 MAART (LYDENSTYD 6)

TEMA: OPSTANDING EERS NA LYDING EN DOOD

JULIAN MüLLER

INLEIDING

Die verhaal van die opwekking van Lasarus is 'n kunstig gestruktureerde storie met kleuryke karakters en 'n groeiende spanningslyn.

Daar word na Johannes 1-12 verwys as die "Book of Signs" (Stibbe 1994:38). Sommige dink ook aan so 'n "boek van wondertekens" as 'n aparte bron wat destyds bestaan het en waarvan die skrywer van Johannes gebruik maak (vgl. Lindars 1992). Maar in hierdie deel van die Johannes Evangelie wat as 'n eenheid beskou kan word, is die opwekking van Lasarus in hoofstuk 11, die sewende wonderteken wat Jesus doen. Sewe is natuurlik die volmaakte getal met simboliese betekenis in die Judaïsme. In die vertelling van hierdie 7 wondertekens, het hierdie een dus 'n klimaks-betekenis. Hierdie wonderteken word aan die vorige (genesing van die blinde man in hoofstuk 9) verbind, deurdat die skeptiese Jode in 11:37 sê: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?". Dit staan ook in kontras met die eerste wonderteken, die verandering van water in wyn op die bruilof in Kana. Bruilof teenoor begrafnis. Feestelikheid teenoor hartseer. Daarmee word ook die volle spektrum gedek: die betekenis van Jesus se lyding en opstanding vir elke faset van die lewe.

Die sewe wondertekens is die volgende

1. Die eerste teken in Kana (water in wyn). 2:1-11
2. Die tweede teken in Kana (genesing van regeringsamptenaar se seun) 4:46-54
3. Genesing by die bad van Betesda. (Jerusalem) 5:1-15
4. Die voeding van die 5000. (See van Galilea) 6:1-15
5. Jesus loop op die see. (See van Galilea) 6:16-21
6. Genesing van die man wat blind gebore is.(Jerusalem) 9:1-41
7. Die opwekking van Lasarus. 11:1-44

Wat dadelik opval is dat daar drie pare van wondertekens is: Twee elk in Kana, Jerusalem en Galilea. Die Lasarus-wonder staan dus uit as iets besonders - die enigste wat nie deel van 'n paar is nie en die finale van die reeks van sewe.

Die plasing van hierdie verhaal is verder noukeurig gedoen binne die opbou van die hele Johannes Evangelie (Stibbe 1994:39). Hoofstuk 11 lei die finale reis na Jerusalem in. In hierdie hoofstuk word die snaar van spanning byna onuithoubaar gespan. Alles werk op na die konfrontasie in die Jerusalem. Die dissipels is pynlik bewus van hierdie gevaarlike situasie en daarom sê hulle vir hom in 11:8, "Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan U weer daarheen?" En soos wat die verhaal ontvou, blyk dit dat dit die opwekking van Lasarus is, wat die laaste strooi is om die kameel se rug breek. In die opbou van die Johannes Evangelie is die opwekking van Lasarus dus van sleutelbetekenis. Dit is die gebeurtenis wat die skaal finaal teen Jesus laat kantel.

Die strukturele opbou van die verhaal is nogal opvallend en dit toon duidelik aan wat die sentrale tema is:

A1 1-16 Jesus se eerste reaksie op Lasarus se dood.
B1 17-22 Marta se dialoog met Jesus
C 23-27 "Ek is die opstanding en die lewe"
B2 28-32 Maria se dialoog met Jesus
A2 33-44 Jesus se tweede reaksie op Lasarus se dood (die wonder).

Dit is duidelik dat die wyse waarop die skrywer van die Johannes Evangelie sy stof aanbied, ons dwing om die boodskap en betekenis op 'n dieper vlak te soek as die bloot opsigtelike. Hier is temas van ironie, kontras, simboliek, wat ons inlei in 'n dieper verstaan van Jesus en sy betekenis vir ons.

Johannes skryf nie maar net nog 'n Evangelie met dieselfde historiese gegewens as die ander nie. Dit lyk eerder asof hy historiese gegewens oor die optrede van Jesus, as algemene kennis beskou en dit hier herrangskik en op 'n kreatiewe wyse interpreter. So byvoorbeeld kom hy in 11:2 met die opmerking dat Maria die vrou was wat die Here se voete met reukolie gesalf het. Maar hyself vertel eers in die volgende hoofstuk (12:3) van die insident.

Nog 'n aanduiding dat 'n mens hier verby die boonste laag moet lees, is die ontwykendheid van Jesus in die hoofstuk. Daar is ook iets van 'n paradoks. Aan die een kant is Jesus hier op sy menslikste. 'n Gewone

man wat huil oor sy vriend. Aan die ander kant is daar 'n geheimsinnigheid en ontwykendheid in Jesus se bewegings en sy woorde. Hy stel sy terugkeer na Judea uit met twee dae (11:6) ten spyte van die feit dat hy weet Lasarus is in doodsgevaar. Dit is asof hy die beperkinge van menslike tydroosters ontwyk. Net so gebruik Hy ook ontwykende en metaforiese taal. Sy verwysing na Lasarus wat net slaap (11:11), maak dat sy dissipels Hom nie verstaan nie.

Daar is verder 'n eskatologiese tema in die verhaal. Soos blyk uit Marta se opmerking in 11:24, het die Jode die opstanding van die dode verwag in die laaste dae. Dan sal dit God wees wat die opwekking bewerkstellig. Volgens Johannes 11 is dit egter Jesus wat hier en nou daardie funksie vervul. Nadat hy die opstanding voorspel het in 5:25, word Hy nou hier die gewer van die lewe en die Ewige Lewe. Dus die hoofstuk wat enersyds die menslikheid van Jesus beklemtoon, is andersyds ook die gedeelte wat sy goddelikheid onderstreep.

Hoofstuk 11, soos die res van die Evangelie van Johannes, vra dus vir 'n fyner lees en die soek van ontwykende temas. Alleen as ons dit so lees sal ons die boodskap vir ons ontdek.

In die ironie van die verhaal, skuil tegelyk ook die diepste boodskap. Jesus se daad van lewegewing en opwekking, lei daartoe dat sy eie lewe van hom weggeneem word. Daar is verder ook 'n ironiese kontras in Jesus wat hard roep dat Lasarus uit die graf moet uitkom, en die stille stomheid van Lasarus. Hy praat nooit een keer nie. Hy is die totale passiewe karakter in die verhaal. Die oorverdowende stilte van Lasarus is 'n ontploffende antiklimaks aan die einde van die verhaal. Niks word gerep oor Lasarus as mens, oor sy gevoelens en ervaringe nie. Morris West verwoord dit goed in sy The Clowns of God (300-1):

Think about the details: the sisters in grief, in fear of what might be revealed when the tomb was opened. Iam foetet, they said, "Already hy stinks!" Then the tomb opened, Jesus called, Lazarus stepped out, still wrapped in the cerecloths. Have you ever thought how he must have felt, as he stood blinking in the sunlight, looking anew on a world from which he had taken his last leave?... Nothing could ever be the same as it was before.

Die verteller van die verhaal in Johannes 11, gee egter geen aandag aan hierdie vrae wat Morris West vra nie. Hy het 'n ander bedoeling. Hy wou nie skryf oor Lasarus nie, maar oor Jesus se vernuwende en lewegewende teenwoordigheid. Deur oor Lasarus se gevoelens te swyg

en deur Lasarus self stom te laat wees, kry die skrywer dit reg om hom op die agtergrond te laat verdwyn. In die middel van die verhaal staan Jesus met sy woorde:

Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.

PREEKVOORSTEL

Morris West, die fiksieskrywer, het my vir die eerste keer bewus gemaak van Lasarus se stilswye, nadat Jesus hom opgewek het. West skryf in sy bekende boek, The Clowns of God:

Think about the details: the sisters in grief, in fear of what might be revealed when the tomb was opened. Iam foetet, they said, "Already hy stinks!" Then the tomb opened, Jesus called, Lazarus stepped out, still wrapped in the cerecloths. Have you ever thought how he must have felt, as he stood blinking in the sunlight, looking anew on a world from which he had taken his last leave?... Nothing could ever be the same as it was before

Nadat ek hiervan bewus geraak het, het hierdie kontras in die Johannes 11-verhaal vir my al opvallender geword. Die emosielose Lasarus teenoor die emosiebelaaide optrede van Jesus en van die susters. Lasarus is die totaal passiewe en Jesus die aktiewe, die Een wat die verloop van die gebeure geheel-en-al manipuleer. Hy stel selfs sy vertrek na Betanië met twee dae uit, skynbaar om doodseker te maak dat Lasarus dood is by sy aankoms!

Teenoor die "harde stem" waarmee Jesus "roep" na Lasarus, staan Lasarus se eie stomgeslane stilte. Die dramatiese verhaal eindig met 'n skokkende en plofbare stilte.

Waarom? Definitief nie omdat die skrywer lomp is met die beskrywing van menslike emosie nie. Dit is nie asof hy 'n swakker skrywer is as Morris West nie. Inteendeel, dit is juis in hierdie verhaal waar ons die duidelikste openbaring van emosies by Jesus kry. Jesus het nie alleen "hard geroep" nie, maar ons lees dat sy "gemoed vol geskiet" het en dat hy "aangedaan" was (11:33). En dan bars Hy in trane uit (11:35). Luther se vertaling van vers 33 suggereer selfs 'n bykomende emosie van woede: "Hy het in sy gees kwaad en ontsteld geword".

Juis omdat hoofstuk 11 so 'n emosiebelaaide gedeelte is, staan die

stomp einde en die emosielose beskrywing van Lasarus, soos 'n seer vinger uit.

Die stomme Lasarus beklemtoon juis dat hierdie verhaal nie 'n sappige storie oor Lasarus is, wat vandag 'n sensasionele tydskrif sou gehaal het nie. Die betekenis van hierdie verhaal lê elders. Dit word nog duideliker wanneer ons kyk na die strukturele opbou van die verhaal en ook kyk na die reeks van wondertekens in hierdie eerste 11 hoofstukke van Johannes.

In hierdie eerste 11 hoofstukke van Johannes word 7 wondertekens beskryf. Die eerste op 'n bruilof, die laaste op 'n begrafnis. Feestelikheid teenoor hartseer. Tussen-in vind ons genesings en 'n natuurwonder - die volle spektrum van die lewe. Die betekenis van Jesus se lyding en opstanding vir elke faset van die lewe word daardeur gedek. Maar daar is 'n opbou na hierdie laaste wonder wat gaan oor die uitbanning van die grootste hartseer en grootste vrees. Die hartseer oor en die vrees vir die dood.

Die sewe wondertekens is die volgende

1. Die eerste teken in Kana (water in wyn). 2:1-11
2. Die tweede teken in Kana (genesing van regeringsamptenaar se seun) 4:46-54
3. Genesing by die bad van Betesda. (Jerusalem) 5:1-15
4. Die voeding van die 5000. (See van Galilea) 6:1-15
5. Jesus loop op die see. (See van Galilea) 6:16-21
6. Genesing van die man wat blind gebore is.(Jerusalem) 9:1-41
7. Die opwekking van Lasarus. 11:1-44

Dan is daar ook nog die interessante opbou van hierdie hoofstuk self. Dit sou struktureel soos volg voorgestel kan word:

A1 1-16 Jesus se eerste reaksie op Lasarus se dood.
B1 17-22 Marta se dialoog met Jesus
C 23-27 "Ek is die opstanding en die lewe"
B2 28-32 Maria se dialoog met Jesus
A2 33-44 Jesus se tweede reaksie op Lasarus se dood (die wonder).

Dit word duidelik dat dit nie in hierdie verhaal eerstens gaan oor die opwekking van Lasarus nie, maar oor die dood en opwekking van Jesus. Die gesinskrisis van Betanië word 'n metafoor van die krisis van die mensdom. Die doel is nie die opwekking van 'n dooie man, wat in elk geval later weer sal sterf nie, maar die gawe van die lewe aan die

wêreld.

Daarom is Jesus se eerste en tweede reaksie op Lasarus se dood; Sy dialoog met Marta en met Maria, slegs die stutte wat die sentrale woord van die verhaal omhoog hou:

Ek is die opstanding en die lewe.
Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook;
En elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.

Die verhaal wat hier afspeel is soos 'n doek wat geskilder word, maar as jy dit omhoog hou, ontdek jy daar drup bloed onder uit. Dit is asof die lyding van Jesus deur die oppervlakte van die verhaal drup. Jesus se diepe emosies in hierdie hoofstuk is 'n soort voorspel tot Getsemané. Hy weet dat sy roep van Lasarus uit die graf uit, beteken maar net dat die tyd naby is vir hom om die graf te betree. Dit is juis die geloof in Jesus wat deur die opwekking van Lasarus aangevuur word, wat die godsdienstige leiers oortuig dat Jesus uit die weg geruim moet word (11:45-53). In en deur die Lasarus-storie skyn die Jesus-storie.

Dit beteken egter nie dat Marta, Maria en Lasarus slegs pionne is in die verhaal en net gebruik word om 'n dieper geestelike storie te vertel nie. Hulle is werklike mense wat vasgevang is in die werklike pyn en hartseer van die lewe. Dit is nie sonder rede dat al die rou emosies so helder beskryf word nie. Dit is ook nie sonder rede dat Jesus as die een met die sagte hart wat meevoel, hier geskilder word nie. Dit gaan nie oor 'n groot saak ten koste van mense nie. Dit gaan in hierdie hoofstuk, soos altyd by Jesus, oor werklike mense en hulle gevoelens. Hy tree met medelyde in hulle lewens in.

Maar wat die skrywer van die Johannes Evangelie ons wil help om te verstaan, is dat Jesus nie net gekom het om bietjie salf aan die wonde te smeer nie, maar om vensters van hoop oop te maak. Te midde van ons lyding word ons ook ingetrek in sy lyding en kry ons deel aan sy opstanding. Ons is veilig, selfs binne in 'n graf. Jesus se stem is ook dáár hoorbaar.

Hierdie "boek van tekens" (Johannes 1-12) help ons om te verstaan dat elke faset van ons lewe opgeneem word in die groter Verhaal. Ons verliese en hartseer, word uiteindelik deel van die groot verlies en die dieper hartseer van God. Ons trane meng met syne en ons graf word sy graf wat geopen word. Hy het nie gekom ons te bevry van die dood nie, in die sin dat ons siekte en dood sal vryspring nie, maar die lewe

wat Hy gee, oorskry die grense van die dood.

BRONNE

Craddock, F.B. 1990. A Twofold Death and Resurrection (Jn. 11:25-26). Christian Century. March 21-28, 1990. 299.

Lindars, B. 1992. Rebuking the Spirit. A New Analysis of the Lazarus Story of John 11. New Test. Stud. Vol.38, 1992, 89-104.

Minear, P.S. 1993. The Promise of Life in the Gospel of John. Theology Today. Vol. 49, No.4 - January 1993. 485-499.

Newman, B.M. & Nida, E.A. 1980. A Handbook on The Gospel of John.. New York: United Bible Societies.

Stibbe, M.W.G. 1994. A Tomb with a View: John 11:1-44 In Narrative-Critical Perspective. New Test. Stud.vol.40,1994,38-54.

Ridderbos, H.N. 1997. The Gospel according toJohn.A Theological Commentary. Grand Rapids: Eerdmans.

Greeley, A. 1996. www.agreeley.com/homilies96/mar2496m.htm. 2001/03/20.